VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Ingrid de Loor, Deon Jurgens, Elizca Theron, Lida Vlok.
Maandag:	Martin Booyens, Mercia Huisamen, Nicole Malan, André Mouton, Hanna van Zyl.
Dinsdag:	Lindi Jansen van Vuuren, Reinette Lourens, Wilhelm Visagie.
Woensdag:	Santie Campbell, Yvonne Louw, Karla Maree, Erica Momberg.
Donderdag:	Pieter Greef, Dirk Kotze, Dalene Strauss.
Vrydag:	Theunis Erasmus, Marinda Hurst, Petro Morkel, Erika van Lill, Jacques Robbertze.
Saterdag:	Anebelle Coetzee, Rachel de Smidt, Wilmé Delport, Maggie Isaacs, Zelda van Dyk.

HUIS TE HUUR
Netjiese 3-slaapkamer dorpshuis te huur, (kompleks is in Dramastraat) Dubbel motorhuis en 'n klein tuintjie @ R12 000 p/maand
Skakel Marieke 083 623 6664

WOONSTEL TE HUUR
Sonnige 2-slaapkamer woonstel te huur in Stormhaven Park Aftreeoord.
Skakel Ewoud 083 861 0840 of rayryk@telkomsa.net

Werda Stanley, 'n **gekwalifiseerde haarkapper**, is beskikbaar om mense se hare by hulle huise te gaan sny – spesifiek vir mense wat siek is of om ander redes nie mobiel is nie. Kontak haar gerus: tel 083 392 1510

Dame-lidmaat van ons gemeente beskikbaar om huise op te pas indien iemand met vakansie gaan, ook om saans vir paar uur kinders op te pas indien ouers wil uitgaan, of geselskap vir bejaarde saans en/of gedurende naweke indien kinders wil uitgaan of weggaan.
Kontak Liza 082 564 6563

Afgetrede paartjie is op soek na 'n tuinwoonstel om te huur. Laat weet asb. die kerkkantoor indien jy van so iets weet. Baie dankie!

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

Is daar dalk iets in jou stoorkamer of garage wat oorbodig geraak het? Dalk kan **Simanyene Hoërskoolskool** dit nuttig gebruik.
Hulle benodig 'n petrol randsnyer ("weed eater"), ou tennisballe, "hula-hoop" hoepels, springtoue en luidsprekers (enige grootte).
Kontak asb. Cecile Perold (021 8518657/0740555062)

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 14 APRIL 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG:	PALMSONDAG
09:00:	EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	PSALM 118
TEMA:	LOF MAAK DIE LEEU EN DIE LAM IN ONS WAKKER

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS

19:00	NICOLA ALBERTS EN EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	MATTEUS 11: 28-30
TEMA:	JESUS SE VOORSKRIF VIR 'N GESONDE LEWE: HANG TIEN LANGS DIE PAD

 # OP WEG - KOM KUIER VOORAF SAAM RONDOM 'N KOPPIE KOFFIE

DEUROFFERS:

Verlede week is R4133 ten bate van Bright Lights.
Vandag se deuroffer gaan aan Instandhouding geboue.
Ons gemeente werk die afgelope paar jaar met 'n baie knap begroting. Dit is nie regtig meer vir ons moontlik om, uit ons normale begroting, die geboue in stand te hou soos dit hoort nie. Onder andere kort die houtwerk aan die kerkgebou dringend aandag. Vandag se deuroffer word afgestaan spesifiek vir hierdie doel. Daar gaan deur die loop van die jaar nog drie sulke geleenthede wees. By die volgende geleentheid sal ons noem watter bedrag reeds ingesmel is, en ook wat die kwotasie vir hierdie werk beloop. By voorbaat baie dankie dat ons kan hande vat om hierdie fasiliteite, waarvan ons die rentmeesters is, in stand te hou.

Volgende week: **Gemeentebediening**

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar:	Nicola Alberts;	074 313 7745;	nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	10:00	Boekbekendstelling
	15:30	Gebedsgroep
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke
Donderdag:	16:00	Macassar Jesusbende
Vrydag:	09:00	Nagmaal - **GOEIE VRYDAG**

Oggendfunksie, Dinsdag 16 April, 10:00

Jongdominee skryf aan sy ouers en vertel met humor en selfspot (en soms 'n traan) van sy veelbewoë avonture in 'n veeleisende plattelandse gemeente. Knyp maar oë en ore toe vir konstabel Karel se meesterlike alliterasie en waag dit op eie risiko in Buitepos as die Engelsman daar opdaag.

En weet: Die helfte is jou nimmer vertel ....

Kom luister gerus na die boekbekendstelling van hierdie nuwe boek van bekroonde skrywer, Barend Vos - in ons kerkgebou - Dinsdag 16 April, 10:00.



Hierdie is 'n funksie vir almal wat gedurende die dag beskikbaar is. Ons gaan na die tyd lekker saam kuier in die saal. As jy kans sien om 'n bord eetgoed te bring, skryf asb. jou naam op die lys in die voorportaal.

Geen toegangsgeld; wel geleentheid vir donasies. Boeke te koop. Laat weet asb. as jy dit gaan bywoon. En as jy nie laat weet het nie, maar jy het Dinsdag lus om te kom - daag asseblief net daar op!!

Het jy al besluit wie jy gaan saambring daardie oggend? As jy nie aan iemand kan dink nie, kontak die kerkkantoor - en ons sal jou iemand gee wie jy kan nooi en saambring.

Wynveiling 2019

Enige iemand wat graag wil wyn skenk vir die veiling kan dit gerus aflaai by die kerkkantoor of kontak vir Nicola om dit by jou op te laai.

Hierdie fondsinsameling word op 24 Mei 2019 gehou ten bate van die bediening van ons jeug. Ons sien baie uit daarna en hoop dat julle die aand saam met ons sal kom geniet.

Volgende week: Groot Lydensweek

15 - 18 April 2019

Stap gerus saam met Jesus die laaste paar dae van sy aardse lewe - op pad na sy kruisiging en opstanding.

Maandag tot Vrydag - elke aand om 19:00 in kerkgebou

Paasnaweek 19 - 21 April

Goeie Vrydag - Nagmaalsdiens om 09:00

PaasSondag - Opstandingsdiens om 09:00

Paas-Sangdiens Sondag 5 Mei, 09:00

Nog geleenthede om in Lydenstyd jou voor te berei vir Paasfees:

- Somerset Wes United Kerk: 14 April om 15:00
  "Easter in music and song" - R60 per person
- NG Gemeente Suider -Strand: 11-14 April om 18:30
  Passiespel "Ek is, wat Ek is" uit die evangelie van Johannes.
  Gratis toegang, bespreek asb. by 021 854 5076
- NG Moedergemeente Somerset Wes: 14 April om 19:00
  Paassangfees ('n Heerlike musicale feesgeleentheid met Samesang en besonderse musiek. Verskeie musikante en kore.

Sluit Woensdag weer by ons aan vir **Bybelgesprek oor Genesis**.
Hierdie week: Genesis 4-6 om 08:45 – 09:45 in die Familiekamer.
Hierdie is nie 'n Bybelstudie in die tradisionele sin van die woord nie, en ook nie 'n Bybelskool nie – wel elemente van beide. Die bedoeling is om met die Bybel en met mekaar in gesprek te tree, en veral dat die Bybel met *óns* in gesprek sal tree.
Enigiemand is welkom. As jy nog nooit daar was nie, en net een of twee keer wil kom luister, is jy baie welkom. As jy al daar was en weer wil kom, is jy net so welkom.
Ons gaan in die toekoms elke eerste en derde Woensdag **saam tee drink** na Bybelgesprek vanaf 9:45 - enigiemand welkom om saam te kuier.

Ons herinner jou graag om **nie-bederfbare produkte**, toiletware en skoonmaakmiddels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. Dankie vir jou bydrae!